



## STAAT VAN BELYDENIS

### Die WAARHEID: Hoe belangrik is die waarheid?

Die Staat van Belydenis (SB) stel in die sewende saak die volgende: Eksodus 20:16 "Jy mag nie vals getuienis teen 'n ander gee nie" Lees daarmee saam die Heidelbergse Kategismus Sondag 43: Vraag: Wat eis die negende gebod? Antwoord: Ek mag teen niemand valse getuienis aflê, niemand se woorde verdraai, nie 'n kwaadsteker of lasteraar wees nie, niemand onverhoord en ligtelik help veroordeel nie. Alle vorme van lieg en bedrieg moet ek as die duiwel se eie werke vermy as ek nie die sware toorn van God oor my wil bring nie. In regsake en in alle ander handelingte moet ek die waarheid liefhê, en opreg wees in wat ek sê en bely. My naaste se eer en goeie naam moet ek na my vermoë verdedig en bevorder.

"En omdat Ek die waarheid praat, glo julle nie in My nie. Wie van julle kan sonde by My aanwys? As Ek dan die waarheid praat, waarom glo julle nie in My nie? Wie 'n kind van God is, luister na die woorde van God. Juis daarom luister julle nie, omdat julle nie kinders van God is nie." (Joh. 8: 45-47), (cf Prof Dr BJ Engelbrecht, Die Wet van God).

Die negende gebod vereis van ons om in alle gevalle die waarheid te koester en die leuen te verwerp, ongeag omstandighede en die prys wat betaal moet word. **Die waarheid moet suiwer toegepas word.** 54/69 bevat duidelik 'n feitefout, soos voorheen aangedui. Indien daar dan pogings aangewend word om die fout weg te praat, beteken dit dat die Kerk **die leuen begin beskerm** met allerhande slim praatjies en subtiele dreigemente rondom hofsake. Indien die Kerk die negende gebod oortree, het die Kerk homself begin sien as 'n grootheid wat uitstyg bokant God en sy gebod. Woorde wat verdraai word, is volgens ons belydenisskrifte 'n oortreding van die negende gebod. Met die **stemming deur die BAKV is hierdie gebod oortree** deur die inhoud van die AKV-besluit 54/69 vir alle tye as **aanvaarbare leuen** te aanvaar.

Ons verklaar daarom dat ons in 'n staat van belydenis is **omdat die NHKA die oortreding van die negende gebod goedkeur en so die kern van die evangelie aantast.** Hierdie saak is van kardinale belang en volharding in die oortuiging soos deur die Kerk verwoord in 54/69, is om ongehoorsaam aan die Bybel op te tree en met meerderheid van stemme te regverdig. Ons distansieer ons van hierdie vreemde denke en **verstaan onself as die egte voortsetting van die egte NHKA**. Ons roep die NHKA daartoe op om te erken dat die BAKV en die 69e AKV die negende gebod oortree het. Die NHKA moet beide die aanvaarding van beskrywingspunt 54 van die 69e AKV, asook die opvolgende besluit van die BAKV onvoorwaardelik herroep. *Einde van aanhaling.*

Die probleem met die waarheid is ook aangespreek in die **Beswaarskrif wat 13 November 2012 aanvaar** is. Hierdie dokument stel: Daar was nie so 'n besluit geneem soos wat in Besluit 54 beweer word nie. **Die besluit wat geneem is, was alleenlik dat die saak vir verdere studie terugverwys word en dat daarby die voorstel van die Boshoffs in ag geneem moes word.** Die voorstel van die Boshoffs was nie 'n besluit van die vergadering soos wat die dosente beweer nie.

**Dit is duidelik dat die dosente die vergadering mislei het.** Die dosente kan nie pleit dat hulle al vyf gesamentlik hieroor 'n *bona fide* fout gemaak het nie. Dit is ironies dat die dosente 'n sogenoemde 'besluit', wat dit foutief bevind dat die Kerk 'n politieke beleid goed- of afkeur, gebruik as motivering om die beleid van apartheid af te keur.

**Besluit 54 is dus nie op waarheid en feite gebaseer nie.** Die aanvaarding van Besluit 54 aanvaar die onwaarheid waarop dit gebaseer is as waarheid en veroorsaak **só dat die AKV in stryd met die Skrif optree.** *Einde van aanhaling.*

In enige debat is die waarheid van groot belang. In die kerk en in kerklike debat is die waarheid van uiterste belang. **Jesus ag die waarheid so hoog dat Hy**

na homself verwys as **die Waarheid**. Dit is in die kerk daarom van wesensbelang om die waarheid jaloers op te pas. “Wat is die waarheid?”, vra die Pilatusfiguur. ‘n Kort, eerlike antwoord is in orde. Die NHKA was vir meer as 40 jaar erg verdeeld oor die saak van die verhouding met ander rasgroepe in die RSA. Aan die een kant was daar diegene wat Artikel III van die 1951 Kerkwet ondersteun het en tegelyk ook voorstanders van die konsep van volkskerk was. Aan die ander kant was daar diegene ten gunste van die afskaffing van Artikel III van die 1951 Kerkwet en die volkskerk gedagte. Die artikel het gestel: “Die Kerk, bewus van die gevare wat vermenging van Blank en Nie-Blank vir altwee groepe inhou, wil geen gelykstelling in sy midde toelaat nie, maar beoog die stigting van eie **volkskerke** onder die verskillende volksgroepe, in die oortuiging dat aldus die bevel van die Here – ‘maak dissipels van alle nasies’ Matteus 28:19, die beste tot sy reg sal kom en dat die eenheid in Christus deur so ‘n werkverdeling nie geskaad sal word nie. Tot die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika behoort daarom net Blanke persone. (NHKA 1951).”

*Einde van aanhaling.*

Met die aanvaarding van die nuwe Kerkorde is gekies vir die bewoording soos ons dit vind in Ordereël 4: “ ‘n Gemeente is ‘n gemeenskap van gelowiges wat selfstandig georganiseer is en deur die eenheid in geloof en belydenis saam met al die ander gemeentes die Kerk is die wyse waarop die Kerk op ‘n bepaalde plek bestaan. Die Kerk is ‘n **volkskerk** met sy eie kerklike kultuur, geskiedenis, taal en tradisie wat geroepe is tot die verkondiging van die evangelie van Jesus Christus aan die Afrikanervolk **en tegelyk aan alle mense.**” *Einde van aanhaling.*

**Volkskerk** en die hulp aan ander om eie kerke te stig, was vir die behoudendes van belang. Die meer liberale denkers het voet by stuk gehou dat selfs die gedagte van volkskerk moet verdwyn.

Saam met die land se politieke horison wat geskuif het, het die klem al hoe meer op sogenaamde “apartheid” begin val en het die aandrang begin groei dat “apartheid” tot sonde verklaar moes word en die “skuldiges” hulle skuld moes bely.

Hierdie dubbele druk het veral tuis gekom by die teologiese fakulteit te UP en die Raad vir Ekumene.

Die Raad vir Ekumene het op grond van die samesmelting van die WARC en die GER tot die WCRC daarop aangedring dat daar aan die voorwaardes van die 1982 Ottawa *status confessionis* voldoen moes word. Dit het ingesluit die sondeverklaring van “apartheid” en die belydenis van skuld. In 2001 het die 66e AKV ‘n besluit aanvaar wat verwys het na die vergrype van die verlede en wat lidmate opgeroep het tot berou en skuldbelydenis indien hulle aan dié vergrype skuldig was. WARC het dit nie aanvaar nie. Die 2004 pogings het misluk, die 68e AKV (2007) het weer oor die saak gehandel. Die vergadering het besluit om die saak te verwys vir **verdere studie**. Dr Piet en dr Frans Boshoff het die voorstel ingedien dat die AKV besluit: “ dit verkeerd was om ‘n bepaalde regeringsbeleid (apartheid) goed te praat...”. Die 68e AKV besluit toe dat hierdie voorstel na die komitee verwys word vir oorweging tydens die opstel van ‘n verslag wat voor die 69e AKV sou dien. Die voorstel is nie aanvaar nie, dit is verwys.

Die voortgesette samesprekings met die WCRC het in 2009 **groot uitdagings uitgewys** wat die **Beeld as dooie punt aangedui het**. Die dosente van die UP het toe ‘n openbare verklaring uitgereik via Beeld van 13 Maart 2009, naamlik:

'n Oomblik van waarheid word ongevraagd deur die Heilige Gees in gelowiges se harte gelê. Dit gebeur wanneer die appèl van die evangelie onweerstandbaar op die kind van die Here inwerk. As predikante en teoloë van die NHKA het daardie oomblik vir ons aangebreek. Ons kan nie anders nie. As ons stilbly, sal die klippe uitroep. Ons is saam met baie ander seer oor wat in die Hervormde Kerk gebeur het en is skaam voor God. Hierdie seer kom 'n lang pad. Die lang pad Die afgelope Vrydag het lede van die uitvoerende bestuur van die Wêreldbond van Hervormde Kerke die Algemene Kommissie van die NHKA ontmoet oor die kerk se moontlike hertoelating tot hierdie liggaam. Die lidmaatskap van die NHKA is tydens hierdie liggaam se een en twintigste vergadering in 1982 te Ottawa gesuspendeer. Om hertoegelaat te kan word, is toe van die NHKA verwag om 'n 'ondubbelsinnige sinodale besluit' te neem wat apartheid as onevangelies verwerp. Hiertoe was – en helaas – is die NHKA nie bereid nie. Beeld verwys na die voorstel in die agenda van die vorige Algemene Kerkvergadering wat wel aan die vereistes sou voldoen het, 'maar daar was soveel verdeeldheid daaroor dat dit nie ter tafel gebring is nie' en wat ekumene betref, sien die skriba vir die kerk 'n 'doodloopstraat' (Beeld 10 Maart 2009).

#### Verklaring

Ons as predikante van die NHKA verklaar onomwonde dat apartheid sowel in uitwerking as in wese sonde is en enige teologiese regverdiging daarvan is 'n mistasting.

Apartheid kan nie aanvaar of goedgepraat word deur Christene nie omdat:

- dit gebaseer is op 'n beweerde ongelykheid tussen mense wat in die pad kom van die bediening van die versoeningswerk van Christus;
- dit eksklusiewe voordele aan wit mense ten koste van swart mense gegee het;
- daar ongeregtheid en onderdrukking plaasgevind het in onder andere die destydse gedwonge menseverskuiwings wat die gesinslewe van miljoene mense verwoes het;
- dit **die beeld van God in mense aantast** – wat die Heilige Gees bedroef.

Ons ken **geen ander evangelie** nie as God se **liefde wat van ons vra om deernis** te hê vir ander, soos God met ons deernis het. Daarom

kan ons nie anders as om apartheid as sisteem in die kerk, samelewing en politiek te sien as inherent mensonterend en daarom as boosheid nie. Die aantasting van mense se menswaardigheid kan op geen manier Bybels, teologies en moreel geregtig word nie.

As mense wat voordeel getrek het uit onregverdige strukture aanvaar ons medeverantwoordelikheid vir die trauma wat ander gely het. Die evangelie dring ons om nie daaraan mee te werk nie. *Einde van aanhaling.*

Hierdie verklaring het groot onmin in die NHKA tot gevolg gehad. Die dosente is deur verskeie predikante aangekla. Tydens die gesprekke is ooreengekom dat die AKV finaal sal besluit. Beide partye het hul beskrywingspunte ingedien. Die dosente se beskrywingspunt was nommer 54. Met sy aanvaarding het hy bekend geword as besluit 54 (54/69). Verskeie pogings is na die tyd aangewend om die besluit verwyder te kry of 'n moratorium daarop te plaas. Die Kommissie van die 69e AKV is **herhaaldelik daarop gewys dat die 68e AKV nooit so 'n besluit geneem het** soos die een wat 54/69 inlei nie.

Die BAKV het oor die saak gepraat. Dr WA Dreyer het probeer aandui dat; aangesien die 68e AKV besluit het om die saak na die komitee te verwys, die inleidende **sin op 'n sekere manier tog waar is**. Dit is **skokkend** dat hierdie **manipulasie** van feite probeer oortuig. Geen so 'n besluit is ooit geneem nie. Die 68e AKV het nooit 'n besluit geneem dat dit verkeerd was om 'n bepaalde regeringsbeleid (apartheid) goed te praat nie. Lees gerus die notules.

Ouderling Joël Fourie (advokaat) se "oortuigende" argument teen die *ultra vires* aard van die besluit is dat indien daar oor reg en verkeerd besluit moes word, kon die ouderlinge self die besluit

geneem het, maar die besluit wat die BAKV moes neem was of die besluit *ultra vires* is, of nie. In sy opsommende betoog stel hy meer as een keer dat die BAKV se besluit oor die kwessie die NHKA se regsgeding nadelig kan raak. Die vraag (wat deur die Kommissie opgestel is) was na die *ultra vires* aard al dan nie van 54/69 en hy vrees 'n instemmende besluit. Hy stel by herhaling dat die BAKV se besluite regsimplikasies het. **“Indien dit gaan oor *ultra vires* kan ek vir u sê dit gaan vir die kerk baie nadelig wees ook in die hofsaak wat oor ons kom”**. (verbatim uit BAKV). Manipulasie in hoogste rat. 'n Ouderling, lid van die Kommissie van die 69e AKV, 'n advokaat, stel die vergadering in kennis dat indien daar besluit word dat die besluit *ultra vires* is, dit die Kerk se saak in die hof skade kan aandoen. Lojale predikante en ouderlinge (lojaliteit teenoor die Kerk in plaas van lojaliteit teenoor die Heer van die kerk) kon tog nie die Kerk se saak in die hof skade aandoen nie, en **daarom het hulle gekies vir die leuen!**

Dit is die **kort waarheid** van die **agtergrond tot die sewende saak van die SB**. Tot op die dag dat die NHKA erken dat die 68e AKV nie die besluit geneem het nie en daarom 54/69 herroep, **koester en vertroetel die NHKA die leuen**. Hulle kan onmiddellik 'n nog skerper verwoorde veroordeling neem ten opsigte van “apartheid”, dit is nie nou van belang nie. **Die leuen van 'n AKV besluit moes toe ook in die 70e AKV beskerm word**.

Diegene wat hulle toekoms bou op 'n leuen, moet maar weet die waarheid gaan hom inhaal. Eerder stadig en

deeglik in die baan van waarheid, as vinnig in die ekumene baan met die verskansde leuen.